EKURHULENI NORTH

Junie 2017
Graad 4
Afrikaans HT

ALGEMENE ASSESSERINGSTAAK

AFRIKAANS HUISTAAL

GRAAD 4

Naam: _____Graad 4_____

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Die vraestel bestaan uit twee afdelings.

AFDELING A:	LEESBEGRIP	(25)
AFDELING B:	TAALLEER	(15)
TYD: 1 UUR		PUNTE: 40

Lees die vrae mooi en aandagtig deur.
Dink voordat jy die vrae beantwoord.
Skryf netjies en leesbaar.
Sterkte!

AFDELING A: LEESBEGRIP

Lees die teks aandagtig en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Die laaste een…

1. “Kom, kinders, staan op, ek het ‘n verrassing vir julle, “sê Pappa. “Ons gaan vandag na ‘n eekhoring kyk. “’Wat is ‘n eekhoring, Pappa?” “ ’n Eekhoring is ‘n klein knaagdiertjie met ‘n lang wollerige stert en groot oë. Hy eet neute wat hy tussen sy voorpootjies vashou. Toe ek ‘n seuntjie was, was daar sommer nog baie van hulle hier in ons tuin. Hulle het almal verdwyn nadat al die tuine verban is. Dit was die regering van daardie tyd se plan om water te bespaar. Nou is daar net enetjie oor en ons gaan hom vandag sien.”

2. “Waar woon hy , Paps?” wil Jacolien nuuskierig weet. “Hy bly in die enigste boompie wat in ons land oor is,” verduidelik Pappa. “Na ure se ry op ‘n bus, kom hulle by die groot boom aan. Die boom is met veiligheidsdraad toegespan. Daar is reeds duisende mense. Almal is gretig om die laaste eekhoring in die land te sien.

3. Skielik klink die burgemeester se stem oor die luidsprekers: “Geagte toeskouers, ek het slegte nuus. Die laaste eekhoring in die land het spoorloos verdwyn.” Die skare skreeu en raas en begin woes stamp en stoot. Weg is die opgewondenheid en die vrolikheid.

4. Diep in die boomstam sit die eekhoring en luister. Sy lyfie bewe van vrees. Dit sal nie meer lank wees nie, dan sal hierdie boom afgesaag word vir vuurmaakhout of papier. Dan sal hulle my vind. Toe begin hy verwoed grawe, dieper die boom in…

Bron: Almal verstaan Afrikaans.
Woorde: 250

Kies die regte woord deur die korrekte letter te omkring.

1. ‘n Eekhoring is ‘n _____ (1)
   a. insek
   b. knaagdier
   c. plaasdier
   d. troeteldier

2. Daar was nog net een eekhoring oor want _____ (1)
   a. hulle was gejaag
   b. hulle was gevang
   c. daar was waterbeperkings
   d. hulle het getrek

1.3 Die eekhoring bly in _____ (1)
   a. ‘n gat
   b. ‘n hok
   c. ‘n dam
   d. ‘n ou boompie

4. Die laaste ou boompie was_____ (1)
   a. toegespan
   b. afgesaag
   c. uitgedroog
   d. afgebrand

5. Wat sê vir ons dat die eekhoring baie bang was? (par. 4) (1)

_____

1.6 Gee ‘n sinoniem uit die storie vir <u>weggeraak</u>. (par. 1) (1)

_____

1.7 Hoe lyk ‘n eekhoring volgens die pappa? (1)

1.8 Waarvoor, dink die eekhoring, sal die boom seker ook afgesaag word? (2)

1.9 Wanneer, dink die eekhoring, sal hulle hom ook vind? (1)

1.10 Wat dink jy, het met die plante en diere gebeur nadat die regering besluit het om water te spaar? (2)

1.11 Hoe weet ons dat die skare mense ongelukkig was oor die slegte nuus? Noem 2 redes. (2)

1.12 Hoekom weet hierdie kinders nie wat ‘n eekhoring is nie? (1)

1.13 Wat sê die titel van hierdie verhaal vir jou? (1)

1.14 Waarom is die ou boompie met veiligheidsdraad toegespan? Noem 2 redes. (2)

1.15 Hoekom het die eekhoring dieper in die boom in begin grawe? (1)

1.16 Wat is die hoofgedagte van hierdie storie? (1)

1.17 Hoe weet ons die mense wou graag die laaste eekhoring sien? (1)

1.18 Dink jy dit kan moontlik wees dat daar eendag niks plante of diere oor sal wees nie? (2)

Hoe sal dit wees?

_____

_____

1.19 Was dit 'n goeie besluit van die regering om water te bespaar? (2)

Hoekom sê jy so?

_____

_____

TOTAAL AFDELING A: 25

AFDELING B: TAALSTRUKTURE EN KONVENSIES

2.1 Verdeel die woorde in **lettergrepe** en **klankgrepe**. (2)

verrassing: _____ _____

2.2 Haal voorbeelde van die volgende **woorde** uit die sin. (4)

Hy bly in die ou boompie.

Voornaamwoord	Voorsetsel	Byvoeglike naamwoord	Soortnaam

2.3 Skryf die sin oor in die **Indirekte rede**. (2)

Die burgemeester sê: "Ek het slegte nuus."

_____

_____

2.4 Rangskik die woorde **alfabeties**. (1)

stoot	**eekhoring**	**stamp**	**neute**

_____

2.5 Gee die **verkleiningsvorm** van: (1)

eekhoring:

_____

2.6 Vorm 'n **deelwoord** van die werkwoord tussen hakies. (1)

Die (huil) _____ eekhoring sit in die boom.

2.7 Skryf die sin oor in die **verlede tyd**. (1)

Die eekhoring is baie bang.

_____

_____

2.8 Omkring die regte letter van die **bywoord van tyd** in hierdie sin. (1)

Ons gaan vandag die laaste eekhoring sien.

a. laaste

b. sien

c. vandag

d. gaan

2.9 Gee die **meervoudsvorm** van die onderstreepte woord. (1)

Na ure se ry op 'n <u>bus</u>, kom hulle by die boompie aan.

_____

2.10 Skryf die volgende sin in ontkennende vorm neer. (1)

Die eekhoring is êrens in die boom.

_____

TOTAAL AFDELING B: 15
GROOTTOTAAL: 40

Geniet die vakansie!